

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 115:1, 2, 9 (p. 564)

- 1 Nie aan ons, o troue God, / aan u Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot / as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie still! / Red ons om u trou ontwil!
- 2 Waarom sou die nasies spot, / met die uitroep ons trotseer:
"Waar is nou die HEER, hul God?" / In die hemel sit die HEER,
en Hy doen wat Hom behaag: / net sý wil geskied omlaag.
- 9 HEER, die hemel 's u paleis, / U 't die aarde^oaan ons gegee:
dooies kan die HEER nie prys, / maar óns sal – 'n stemmeseë –
ewig juig die HEER ten prys, / hallelujas op laat rys.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdige noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Gebed

Psalm 103:3, 4 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte^oen vreug.
- 4 Waar dorheid woon, in velde vergeleë, / het Moses klaar aanskou Gods wonderweë,
en Israel sy diepe bondsbeleid – / hoedat die HEER barmhartig en genadig,
lankmoedig is en altyd weer weldadig. / Die HEER is groot van goedertierenheid.

Skriflesing: Psalm 115

Kernverse: Psalm 115:1-3

Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil. Waarom sou die heidene sê: Waar is dan hulle God? terwyl onse God tog in die hemel is; Hy doen alles wat Hom behaag. (Psalm 115:1-3 AFR53)

Tema: Aan die Here alleen kom alle eer toe om sy genade en om sy trou ontwil

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, almal wat al die GKSA se webblad besoek het, sal weet dat daar op die tuisblad geskryf staan *Ons onderskryf die vyf beginsels van die Reformasie*. Die eerste van hierdie vyf beginsels wat op die webblad genoem word is *Soli Deo Gloria* – Aan God alleen die eer.

Eintlik behoort hierdie beginsel nie net 'n beginsel van die Reformasie te wees nie, maar 'n beginsel vir die lewe van elke gelowige kind van God. Ons hele lewe moet deur hierdie beginsel beheers word. Alles wat ons dink, sê en doen moet daarop gemik wees om God te verheerlik. Ons woorde en dade moet duidelik maak hoe goed en betroubaar ons God is. Indien ons so kan lewe, dan voldoen ons aan die doel waarvoor God ons in die eerste plek geskep het, naamlik om Hom in alles groot te maak en te eer.

Dink net hoeveel gelukkiger ons huweliks- en gesinslewe sou wees, as ons telkens eers vir onself gevra het: Sal hierdie woorde, gesindheid en handeling teenoor my vrou of man of kinders of ouers die Here verheerlik? En as ons agterkom dat daardie woorde, gesindheid en dade nie daartoe gaan bydra dat God nog meer geëer gaan word nie, sê en doen ons dit eenvoudig nie. Gelowiges se huise sou dan werklik plekke wees waar die Here in sy heerlijkheid altyd geëer word. Dink net watter effek dit op die buurt sal hê waar ons woon en op die mense met wie ons elke dag te doen kry.

Broers, susters en kinders, die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van Psalm 115 is aan ons onbekend. Daarom moet ons kyk waar die Heilige Gees hierdie psalm vir ons die Bybel opgeneem het. Miskien sal ons uit die psalms in die direkte nabyheid iets kan aflei oor die rede vir hierdie psalm.

Psalm 114 is waarskynlik 'n lied wat gesing is tydens die viering van die pasga. Die pa van die huis het vir almal in die huis vertel hoekom die pasga gevier word. En nadat die pasga geëet is, is hierdie psalm gesing om God groot te maak oor die wonders wat Hy gedoen het toe Hy Israel uit Egipte in die beloofde land ingebring het.

Psalm 116 is die lied van 'n enkeling wat deur die Here verlos is. Daar word vertel dat die Here op 'n besondere wyse uitkoms gegee het toe die gelowige al in die strikke van die dood vasgeknel was. Dus handel beide die psalms oor die groot en kragtige dade van die Here waarin sy heerlijkheid sigbaar is.

Dit is asof die gelowiges wat Psalm 115 sing die Here smeek dat Hy weer sy mag sal vertoon soos destyds toe Hy Israel uit Egipte na die beloofde land gebring het. Die Here moet asseblief weer optree, want daar is heidene wat spottend vra:

Waar is dan hulle God? (Psalm 115:2 AFR53)

Die Here moet ter wille van sy eer Homself betoon in sy werke sodat die heidene sal weet dat God bestaan.

Kom ons volg die Heilige Gees wanneer Hy ons in die rykdom van ons kernverse inlei om agter te kom hoe ons die beginsel dat aan God alleen die eer toekom ook die beginsel van ons lewens kan wees. Die eerste wat uit ons kernverse duidelik word, is dat God alleen geëer moet word.

As alle eer dan alleen aan God behoort, beteken dit dat die gelowige in sy pasoppens moet wees om nie die eer van die Here vir homself toe te eien nie. Die lied begin:

Nie aan ons nie, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer.

Twee maal wys die gelowiges enige eer wat hulle sou kon toekom af, want dit gaan nie oor hulle nie maar oor die Here alleen.

In Jesaja 42 sê die Here self:

Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie. (Jesaja 42:8 AFR53)

en in Jesaja 48 herhaal Hy dit:

Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen—want ag, hoe is my Naam ontheilig! —en Ek sal my eer aan geen ander gee nie. (Jesaja 48:11 AFR53)

Maar al is hierdie uitsprake van die Here so duidelik is ons mense nog steeds geneig om God se eer vir onself toe te eien. En die een plek waar dit die meeste kere gebeur is wanneer dit kom by die verlossing van die mens. In sy eie waan wil die mens nie sommer aanvaar dat hy niks kan doen om verlos te word nie. Die mens wil homself nie as swakke en hulpelose sien nie, want in hierdie wêreld kom jy nêrens as jy swak en hulpeloos is nie.

Dit is oor hierdie gewaande gedagtes van die mens dat sommige sê jy kan nie klein kindertjies doop nie. Hulle staan vas daarby dat jy eers moet glo, want dan kan die Here openlik sê dat jy aan Hom behoort deur die doopplegtigheid. Vra jy vir Christene waarom hulle Bybel lees en 'n goeie lewe lei, dan antwoord baie van hulle maklik: Om in die hemel te kom. Met daardie antwoord sê hulle in werklikheid dat Christus nie genoeg gedoen het aan die kruis om hulle in die hemel by die Vader te bring nie. Hulle moet self ook nog Bybel lees en 'n goeie lewe lei, sodat hulle in die hemel kan kom. So word God beroof van die eer wat Hom alleen toekom. Dit is Hy wat verlos en Hy alleen. Verlossing is die genadewerk van die God die Vader deur Jesus Christus alleen. En genade is werk wat God alleen kan doen omdat niemand anders dit kan doen nie. Daarom maak Hy ook nie staat op 'n mens om Hom daarmee te help nie. Laat ons daarom baie versigtig wees om nie die geringste van die eer wat God toekom vir onself te wil toeëien nie.

Maar dit is nie al waarvoor ons versigtig moet wees nie. Ons moet net so versigtig wees om nie iets te doen wat sal veroorsaak dat ander mense God nie eer nie. Net na die droewige episode toe die volk nie wou glo dat die Here die beloofde land aan hulle sal gee ondanks die sterk volke wat daar gewoon het nie, wou die Here die volk uitdelg en uit Moses 'n nuwe volk tot stand bring. Moses het egter tot die Here geroep en gesmeek. Hy het in sy gebed gesê:

As U nou hierdie volk soos een man ombring, dan sal die nasies wat die tyding aangaande U gehoor het, spreek en sê: Omdat die HERE hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met 'n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn omgebring. (Numeri 14:15-16 AFR53)

Moses het ter wille van die eer van die Here so gesmeek vir die volk. Die Here het Moses se gebed verhoor en daarvan afgesien om die volk soos een man uit te delg. Weer 'n keer het die Here sy volk vir hulle opstandigheid verskoon, soos sovele kere al tevore. Hierna het die Here nog baie keer die volk se opstand teen Hom verskoon. Maar die Here sal nie altyd maar net verskoon nie. Daar kom ook 'n einde aan die Here se geduld vir 'n volk wat nie hulle ore wil oopmaak nie.

Na soveel eeue se genade het die Here sy volk in ballingskap laat wegvoer. Hy het die Babiloniërs gestuur om Jerusalem te verwoes en die volk weg te voer. En die sonde wat

hierdie straf geregverdig het, sê die Here, is die oneer wat Israel aan die Here se Naam gedoen het. Hulle het veroorsaak dat nasies die Here spot (Eseg 36:20). Maar die Here belowe in sy genade dat Hy weer vir Israel tussen die volke bymekaar sal maak en na hulle land toe terugbring. Tog sal die Here dit nie doen om Israel se ontwil nie, maar ter wille van die eer van sy Naam (Eseg 36:23).

Ons wat die Naam van Christus dra omdat ons Christene genoem word, moet uiters versigtig wees dat ons nie veroorsaak dat die ongelowiges sleg praat van die Here nie. Die wêreld hou die Christene met valkoë dop. Hulle put groot vreugde daaruit as 'n predikant in die sonde geval het, want dan het hulle iets om die Naam van die Here te onteer. Ag, en hoe tragies is dit as 'n Christen-sakeman op 'n klag van oneerlikheid betrap word? Mag die Heilige Gees ons versterk sodat ons die verleidings in die wêreld vroegtydig raaksien en kan weerstaan. Dit is nie ons naam wat op die spel is, maar die Naam van ons grote God wanneer heidene spottend vra: **Waar is dan hulle God?**

As alle eer aan die Here alleen toekom, waarom moet Hy geëer word? Die gelowiges sing: **Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.** (Psalm 115:1 AFR53)

Die goedertierenheid van God kan ook vertaal word met die genade van God. Ons verlossing is gegrondves in sy uitverkiesing van ons nog voor die grondlegging van die wêreld. In Christus het God ons uitverkies:

tot lof van die heerlijkheid van sy genade (Efesiërs 1:6 AFR53).

Omdat die verlossing die genadewerk van God alleen is, doen Hy dit sodat die heerlijkheid van sy genade deur elke gelowige en uiteindelik deur elke mens geprys sal word.

Dit is immers in die verlossing van sondaars dat daar gesien kan word hoe groot die goedertierenheid van die Here werklik is. Hy maak van mense wat sy vyande is kinders van Hom wat Hom liefhet en dien. Hy verander 'n vervolger van Jesus Christus in 'n verkondiger van Jesus Christus. Sy Gees bring 'n misdadiger wat sy lewe lank bose dinge gedoen het tot bekering sodat hy van sy doodsvonniss aan die kruis af saam met Jesus in die hemel ingegaan het.

God se trou beteken sy betroubaarheid en getrouheid. Dit kom daarop neer dat wat Hy sê en wat Hy doen, honderd persent met mekaar ooreenstem. As Hy belowe om iets te doen, kan ons maar seker wees dat Hy dit gaan doen. En alles wat God doen, doen Hy om sy goedertierenheid en trou te vergroot.

Dit is immers net die Here wat voor en tydens die ballingskap kon belowe dat Hy sy volk wat vir sewentig jaar krygsgevangenis was weer na hulle land toe sou laat terugkeer. En die wyse waarop Hy sê Hy dit gaan doen, is net so verbysterend. Hy sal 'n heidense koning gebruik – koning Kores van Persië – om sy volk in hulle land te herstel. Ondanks die volk se murmuring doen die Here presies wat Hy gesê het Hy gaan doen.

Is die goedertierenheid en die trou van God sake waaroor ons gereeld nadink en die Here dank? Ek vra dit, want in die kortste psalm word alle volke en nasies opgeroep om die Here te prys oor sy goedertierenheid wat groot is en sy trou wat vir ewig duur (Ps 117:2). Was dit nie vir die Here se goedertierenheid nie dan was ons almal verlore. Was dit nie vir die trou van die Here nie, sou niemand van ons in die geloof kon volhard nie. Laat ons daarom gereeld nadink oor hierdie twee eienskappe van God sodat ons Hom die eer kan toebring wat ons Hom verskuldig is.

Uit ons kernverse het ons nou al agtergekom dat ons daarop bedag moet wees om nie die eer wat die Here toekom vir onself toe te eien nie, ons moet ook nie veroorsaak dat ander mense God nie eer nie, en die rede waarom alle eer God toekom, is oor sy goedertierenheid en trou. Maar daar is nog een saak waarop die Heilige Gees ons aandag in vers 3 vestig – die soewereiniteit van God.

Waarom sou die heidene sê: Waar is dan hulle God? terwyl onse God tog in die hemel is; Hy doen alles wat Hom behaag. (Psalm 115:2-3 AFR53)

Om agter te kom wat dit beteken dat ons God soewerein is, kan ons maar net luister wat Nebukadnésar bely het nadat die Here hom oor sy grootheidswaan verneder het:

En ná verloop van tyd het ek, Nebukadnésar, my oë na die hemel opgeslaan, en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is. En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie? (Daniël 4:34-35 AFR53)

Geen mens kan God tot verantwoording roep oor wat Hy besluit het om te doen nie. Die Here verklaar immers self:

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gesprek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen. (Jesaja 46:9-11 AFR53)

Wat die Heilige Gees in hierdie psalm aan ons verkondig, het wonderbaarlik in Jesus Christus tot openbaring gekom. In alles gaan dit in die eerste en laaste plek om God se eer en terselfdertyd bewys God sy goedertierenheid en trou aan mense in nood. As gevolg van die sonde van die mensdom is die eer van die Here se Naam in gedrang en besmet. Daarom het God ter wille van die eer van sy Naam die dood as straf op die sonde bepaal.

Die Jode en die bose magte van die doderyk het op Golgota gedink dat hulle die oorhand oor Jesus verkry het. Spottend het hulle gelag en gemeen dat hulle nou klaargespeel het met Jesus wat die lewe vir hulle ongemaklik gemaak het deur hulle onreg aan die lig te bring. Maar God alleen is God. Hy het selfs beskik dat hierdie dwase hardkoppigheid van die Jode sou dien tot vergroting van sy eer.

Jesus hang inderdaad aan die kruis deur die hande van die Jode, maar Hy sterf omdat Hy self sy lewe gee as betaling vir die sondeskuld soos sy Vader bepaal het. Sy Vader se eer moet herstel word deur Hom om die straf op die sonde te dra. Baie mense, selfs vandag nog, sien Jesus se dood as 'n nederlaag, maar juis sy dood en opstanding vergroot die goedertierenheid en trou van God. Jesus se dood is tot verlossing van mense soos wat God dit van die begin af bedoel en verkondig het. En sy trou het veroorsaak dat nie een hindernis wat al die eeue op die weg gewerp is Hom kon stuit om te doen wat Hy besluit het nie.

Hoe heerlik is dit om te weet dat hierdie God wat so goedertieren en getrou en soewerein is Homself aan ons verbind het. Hy het dwarsdeur die eeue die eer van sy Naam gehandhaaf. Daarom kan ons seker wees dat Hy ook die eer van sy Naam sal handhaaf in ons lewens. Hy het belowe om ons met alles te versorg wat ons nodig het en Hy sal die kwaad

van ons afweer of tot ons beswil beskik. Kyk ons terug op hierdie jaar dan sien ons dit is presies wat die Here in ons lewens gedoen het. Sy trou en goedertierenheid is inderdaad werklik. Mag ons daarom nooit ophou om Hom te loof vir sy goedertierenheid en trou waaraan ons deel kan kry omdat Hy die eer van sy Naam daardeur handhaaf nie.

Mag die Heilige Gees so heerskappy voer in ons lewens dat die vrug van die Gees – liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing – in ons sal toeneem sodat al ons woorde, werke en ons gesindheid daartoe sal bydra dat die eer van God se Naam gehandhaaf kan word in ons lewens en verhoudings. Here, ter wille van die eer van u Naam, maak ons getrou aan U.

Amen!

Slotgebed

Psalm 117 (p. 573)

1 Loof, loof die HEER, o heidendom! / O volke, prys sy Naam alom!
Sy goedheid is in nood en dood / vir ons, sy volk, oneindig groot.
Sy waarheid wankel nimmermeer, / Sing, halleluja, sing sy eer!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Desember 2014